

Skriflesing: Hand 2:14-24

Tema: Die Heilige Gees maak ons almal deel van die kerk.

Die Heilige Gees is uitgestort. Mense begin in verskillende wêreldtale praat oor die groot dinge wat God gedoen het. Mense wat hulle hoor, is verbaas en uit die veld geslaan. Maar hier is ook mense wat spot en sê dat die mense wat in verskillende tale begin praat het, dronk is.

Dan staan Petrus op en hy lewer die eerste preek in die Christelike kerk. Hy verduidelik wat die Heilige Gees doen. Die Heilige Gees vuur mense aan en laat die klem val op Jesus Christus. Voor ons gaan kyk hoe die Heilige Gees mense in beweging bring, is dit nodig om vir mekaar te vra wie die Heilige Gees het?

Die Heilige Gees is nie langer vir 'n klein groepie gelowiges bedoel nie. God self sê: "Ek sal my Gees uitstort op alle mense." (Hand 2:17) In die Ou Testament is die Heilige Gees soos water uit 'n emmer uitgeplas op mense soos konings en profete. Nou het God die emmer water uitgestort op almal, jonk en oud, arm en ryk en manne en vroue.

Ons lees in Luk 11:13: "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee - die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra." God is nie synig met die Gees nie. Die Heilige Gees vir almal uitgestort. Die Here wil sy Gees gee aan almal wat vra.

Die Gees in ons bring mense in beweging. Die Gees maak seuns, dogters en dienaars en dienaarlike profete. God maak sy wil aan mense bekend. Hy doen dit op allerlei maniere. Hy doen dit deur die Bybel, natuur, ander mense, gesigte en drome om maar 'n paar maniere te noem.

Wanneer Hy sy wil aan ons bekend maak, maak ons dit weer op ons beurt aan mense bekend. Dit is wat profete doen. Is jy so 'n Geesvervulde profeet wat God se wil aan ander bekend maak?

"Maar wie is ek nou eintlik?", is ons eerste verskoning om nie profeet te wees nie. As daar iemand was wat agter dié verskoning kon wegkruip, dan was dit Petrus. Hy was 'n gewone visserman. Hy het vir Jesus 3 maal verloën. As 'n diensmeisie sê dat hy saam met Jesus die Galileër was, dan ontken hy dit: "Ek weet nie waarvan jy praat nie."

'n Ander diensmeisie sê vir hom dat hy saam met Jesus van Nasaret was. Petrus ontken dit en sê met 'n eed: "Ek ken die man nie!"

En dan sê die manne: "Dit is waar, jy is een van hulle. 'n Mens kan dit aan jou spraak hoor." Toe begin Petrus vloek en hy sweer: "Ek ken die man nie!"

God skryf hom nie af omdat hy sy Seun drie maal verloën het nie. Hy gaan terug na hom toe en vergewe hom sy sonde. Hy vul hom met die Heilige Gees wat hom aanvuur. Die Gees maak hom 'n kragtige en dinamiese spreker. Petrus preek en Here bring 3000 mense tot bekering.

Die Here soek nie modelle nie. Hy soek mense wat deur sy liefde verander kan word en vir ander dan vertel van sy liefde wat vir almal beskikbaar is, ook vir mense wat soms misluk.

Wat is jou verskoning om nie 'n profeet te wees nie?

Die Here sal ook sy wil aan Geesgevolle jongmense bekend maak in gesigte. Hierin lees ons iets van die belangrikheid van jongmense as deel van die kerk van die Here. Jongmense is nie die kerk van

môre nie. Hulle is nou kerk soos elke ander lidmaat. Ons moet na hulle luister. Die Here maak sy wil deur hulle aan ons bekend.

Maar ons lees ook iets van die belangrikheid van oumense. Oumense sal droom oor God se wil en plan vir ons. Droom julle as oumense nog?

Toe die beroemde Walt Disney besig was met die uitleg van sy Disneyland, moes die baken wat bo alles uittroon, die Aspoestertjie-kasteel wees. Die idee was dat almal dit moes raaksien waar hulle ookal in die park was. Die bouers het voorgestel dat dit heel laaste gebou moes word, sodat die werkers die ervaring sou hê dat hulle werk op 'n hoogtepunt geëindig het.

Walt Disney het die besluit egter geveeto en hulle aangesê om eerste die kasteel te bou. Sodoende sou elke werker daardeur geïnspireer word terwyl hulle aan die res van die park bou. Die res is geskiedenis...

Na die voltooiing van Disney World het iemand gesê: "Dis darem so sleg dat Walt Disney nie leef om dit te sien nie. Mike Vance van Disney Studios het geantwoord: "He did see it – that's why it's here." Walt Disney het 'n droom gehad wat hy 'n werklikheid laat word het. Wat van jou?

Droom jy nog God se drome?

Ek is bekommerd wanneer mense ook as kerk aftree. Daar is oumense wat glo dat hulle niks meer beteken nie en geen verskil kan maak nie. Hul enigste droom is dat alles in die kerk tog net moet bly soos dit is. Hulle sê: "My tyd is verby. Ek het die kerkgebou help bou. Ek het gedien. Ek het eens drome gedroom. Ek het my beurt gehad. Dit is nou tyd vir die jeug."

Ek lees nie in die Bybel dat die jeug droom nie. Die Gees laat ou mense droom. En dan is dit nie drome van die goeie ou dae nie. Die Gees sal vir jou God se drome laat droom. Oumense moet God se nuwe toekoms sien en dit aan ons bekend maak. In afhanklikheid van God moet ons almal saam sy droom waar maak.

Gelowige afgetredene, die Gees maak jou deel van en sal jou laat droom van God se nuwe toekoms vir sy kerk.

Ek het onlangs rillings van lekkerkry gekry toe ek lees hoe een van die selgroepe met omtrent net afgetrede mense, God se droom leef. Die selleier skryf: "Ons selgroep het bewus geword van 'n informele blanke nedersetting, "Place of Hope" in Melkhoutstraat, Greenbushes."

Hy skryf verder hoe hulle na almal by die nedersetting uitgereik het, maar besluit het om op die kinders te fokus: "Daar is 20 kinders wie se ouderdomme van 8 maande tot 16 jaar wissel.

Op 27 Junie het elkeen 'n geskenk pakkie, met warm winter klere, serpe en toiletware ontvang. Hulle is bederf met cupcakes, koeldrank, vrugtesap en suigstokkies. Dit was 'n fees om hul gesiggies te aanskou!

Dit het onder ons aandag gekom dat 2 seuntjies, 7 en 6 jaar, nog nie in die skool is nie. Met die samewerking van skoolhoof van Laerskool Altona is die seuntjies getoets en albei begin aanstaande kwartaal met Gr R.

Ons ondersteun ook 2 ander leerlinge met skryfbehoeftes en warm klere.

Daar is ook 'n tekort aan kinderbybels by 7 gesinne, en die Bybelgenootskap sal ons daar help."

Sluit af

Die fout wat ons as kerk baiekeer maak, is dat ons net aandag gee aan 'n sekere groep mense. Waar die Gees in beheer is, weet ons dat ons mekaar nodig het.

Die Gees vuur mense aan. Seuns en dogters, dienaars en diensdienters sal as profete optree.

Jongmense sal gesigte sien. Oumense sal drome droom.

As Geesvervulde gemeente luister ons na mekaar. En ons ken en doen God se wil saam.

Amen